# Korpuslinguistiek en metafoorondersoek: moontlikhede en uitdagings met verwysing na kat- en hondmetafore in Afrikaans en Noord-Sotho

Elsabé Taljard, Departement Afrikatale, UP

Nerina Bosman, Departement Afrikaans, UP

Colloquium over het Afrikaans: 23, 24 Oktober 2015, UGent



# In hierdie aanbieding …

- Besin oor:
  - Uitdagings met betrekking tot korpusgebaseerde navorsing binne die (Suid-) Afrikaanse konteks
  - Metodologiese aspekte van korpusgebaseerde ondersoek, spesifiek vir
    - metafoorondersoek
    - vergelykende doeleindes
- Aanbied van voorlopige resultate van die ondersoek na kat- en hondmetafore in Afrikaans en Noord-Sotho:
  - Beduidendheid / beduidende aanwesigheid (“saliency” ) van kat- en hondmetafore in die twee tale
  - Moontlike verband tussen kultuur en metaforiese of figuurlike uitbreiding

# Uitdagings: beskikbare korpora 1/4

| Korpusnaam | Grootte | Vrye toegang | Aflaai-baar | Metadata | Lisensievoorwaardes |
|---|---|---|---|---|---|
| OPUS2AFR SketchEngine | 743 954 | Ja, vanuit SketchEngine | Nee | Geen | Skynbaar geen beperking op gegenereerde uitsette, behoorlike verwysing enigste voorwaarde |
| RMA African Speech Technology Ctext, NWU | 1 258 012 | Ja | Ja | (Hansard, Afrikaans Vandag, Inligtingsgidse, Internet, ander) | Geen beperking op gegenereerde uitsette, behoorlike verwysing enigste voorwaarde |
| Leipzig Corpora Collection | 30 000 000 | Ja | Ja | (Nuus, web, Wikipedia) | All corpora are provided under the Creative Commons License BY. This means they can be used freely for any purposes as long as they include the following copyright notice: © Copyright *Abteilung Automatische Sprachverarbeitung, Universität Leipzig*. |

**Dia 3**

---

**U4** Hierdie is nie regtig metadata nie, so dis hoekom ek dit in hakies sit.
User; 14/10/2015

# Uitdagings: beskikbare korpora 2/4

| Korpusnaam | Grootte | Vrye toegang | Aflaaibaar | Metadata | Lisensievoorwaardes |
|---|---|---|---|---|---|
| Pharos-NB-korpus (Du Plessis, M. 2005) | 30 000 000 | Nee | Nee | (Tafelberg, Human & Rousseau, Queillerie, J.L. van Schaik en Kwela: romans & nie-fiksie) | ? |
| Pharos-korpus (klein uittreksel uit Media24-argief) | 142 000 000 | Nee | Nee | (Burger, Beeld, Rapport & tydskrifte uit Media24-stal) | ? |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA
Faculty of Humanities

# Uitdagings: beskikbare korpora VIVA-portaal (beskikbaar vanaf 23 Oktober) 3/4

| Korpusnaam | Grootte | Vrye toegang | Aflaaibaar | Metadata | Lisensievoorwaardes |
|---|---|---|---|---|---|
| PUK/Protea-korpus (Van Huyssteen, G & Wissing, D. 2007) | 1 724 389 | Ja | Nee | (Protea Boekhuis publikasies: fiksie & nie-fiksie) | Die korpusse en soektogte mag nie vir kommersiële doeleindes gebruik word nie. |
| NCHLT Afrikaans-korpus | ? | Ja | Nee | Nee | do |
| Maroela Media-korpus | ? | Ja | Nee | Nee | do |
| Afrikaanse Taalkommissiekorpus | 57 917 775 | Ja | Nee | (Bestuurswese, Topmotor, Sarie, Tydskrif vir Geesteswetenskappe, ens) | do |
| LAPA-korpus | ? | Ja | Nee | Nee | do |
| RSG Nuus-korpus | ? | Ja | Nee | Nee | do |

# Uitdagings: beskikbare korpora (Noord-Sotho) 4/4

| Korpusnaam | Grootte | Vrye toegang | Aflaaibaar | Metadata | Lisensievoorwaardes |
|---|---|---|---|---|---|
| University of Pretoria Sepedi Corpus (PSC), ofte wel UPSK | 7.7 mil. lopende woorde | Ja | Nee | Ja, volledig. | Onbekend |
| Sepedi NCHLT text corpora | 821 428 | Ja | Ja | (Dokumente van webblaaie van regeringsdepartemente & van verskeie taaleenhede) | Creative Commons Licence |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA
Faculty of Humanities

# Teoretiese begronding U2

- Kognitiewe metafoorteorie:
  - Primêre metafore berus op universeel-gedeelde beliggaamde ervaring en is kultuuronafhanklik; hulle toon min variasie tussen kulture. Tipiese voorbeeld: *anger is heat in a closed container* (Lakoff, 1993)
  - Volksgelowe rakende bepaalde basisdomeine dien as motivering vir die totstandkoming van metafore (Lakoff, 1987). Voorbeeld: As 'n mens kwaad is, word jou gesig rooi en warm
  - (Universele) beliggaamde belewenisse word deur kultuur gefilter (Gibbs, 1999)
  - Ervarings- / brondomeine is nie in alle kulture ewe toeganklik vir metaforiese kartering nie; hulle is vatbaar vir variasie tussen kulture (Boers, 2003)

**U2** Skyfie dalk te vol?
User; 13/10/2015

# Kultuur en metafoor / figuurlike taalgebruik

Verband tussen kultuur en metafoor:

- Kultuur as sisteem van waardes en norme, van kennis en oortuigings

- Metafoor / figuurlike taalgebruik as weerspieëling van ervaring en wêreldbeskouing

- Metafoor as  oorblyfsel van gedeelde kennis,  gebaseer op geskiedenis van 'n spesifieke (spraak)gemeenskap

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA
Faculty of Humanities

# Doel van die ondersoek

Om vas te stel

- tot watter mate die twee kulture toegang het tot die brondomein(e);
- of die volkskennis t.o.v. honde en katte in die korpusvoorbeelde van metaforiese / figuurlike gebruik weerspieël word;
- wat die moontlike invloed van kultuur op metaforiese / figuurlike uitbreiding is

## Dia 9

**U3** Liewer met naamwoorde te begin? Die bepaling / vasstel van .... Hierdie is regtig 'n simple skyfie - formulering is vrot

User; 13/10/2015

# Metodologie

- Vergelykende, korpusgebaseerde studie
- Metaforiese / figuurlike gebruik van die lekseme /kat/ en /hond/ (Afrikaans) en /katse/ en /mpša/ (Noord-Sotho)word as data gebruik
- Brondomein-leksikale-items word as soekwoorde in ’n korpussoektog gebruik, gevolg deur ’n handmatige ontleding van die voorbeelde
- Korpusondersoek word aangevul deur ’n semi-formele opname van moedertaalsprekers se volkskennis

# Resultate van korpusondersoek

| | 'cat' | | 'cats' | | 'dog' | | 'dogs' | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| AFR | kat | 13 | katte | 5 | hond | 9 | honde | 6 |
| NS | katse | 4 | dikatse | 0 | mpša | 12 | dimpša | 8 |

Voorkoms van kat- en hondmetafore per 200 ewekansig geselekteerde korpuslyne

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA
Faculty of Humanities

# Ondersoek na volksgelowe en figuurlike taal

Probleme met die hipotese dat daar 'n verband is tussen sogenaamde volksgelowe en metafore / figuurlike taalgebruik

Deignan (2003) se ondersoek na diermetafore:

> Diskrepansie tussen eienskappe wat volgens volksgelowe aan diere toegedig word en metaforiese of figuurlike uitbreiding

Kövecses (2010) beweer dat die kulturele konteks metaforiese konseptualisering beïnvloed

# Volksgelowe in die Afrikaanse en Noord-Sothospraakgemeenskappe

Metodologie: opname onder moedertaalsprekers

Instrument: semi-gestruktureerde onderhoude

Ondersoekgroep: 73 Afrikaanse en 50 Noord-Sotho sprekers, ouderdomme tussen 16 en 20

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA
Faculty of Humanities

U5

# Konseptualisering van volkskennis / -gelowe van diere

Martsa (1999): tematiese analise van volksgelowe t.o.v. diere in terme van:

- Habitat
- Gedrag
- Verhouding met mense
- [Voorkoms]

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA
Faculty of Humanities

**U5** ET verander
User; 19/10/2015

# Resultate: Honde

| | Afrikaanssprekers | Aantal | Noord-Sothosprekers | Aantal |
|---|---|---|---|---|
| **GEDRAG / GEAARDHEID** | spelerig, energiek, wakker, woelig, ens.<br>vrolik, gelukkig<br>rustig, saggeaard, geduldig<br>slim, skerp<br>gewelddadig, kwaai<br>blaf | 31<br>10<br>5<br>4<br>3<br>2 | kwaai, byt, aggressief<br>gulsig, vraatsig<br>slordig, ongedissiplineerd<br>loop rond | 20<br>6<br>3<br>2 |
| **VERHOUDING MET MENSE** | liefdevol<br>lojaal, betroubaar, opreg<br>vriendelik<br>beskermend | 40<br>28<br>20<br>6 | waghonde: beskerm, pas vee op<br>jagters<br>vriendelik | 28<br>11<br>5 |
| **HABITAT** | – | | bly altyd buite | 2 |

# Resultate: katte

| | Afrikaanssprekers | Aantal | Noord-Sothosprekers | Aantal |
|---|---|---|---|---|
| **GEDRAG** | lui, passief, slaperig<br>kwaai, aggressief, sleggehumeurd<br>enkellopend, eensaam<br>stuurs, mislik, onvriendelik, buierig<br>rustig, kalm, stil | 25<br>18<br><br>13<br>12<br>10 | vang muise / slange<br>onafhanklik<br>netjies, begrawe sy poef/sindelik / skoon<br>nagdier | 22<br>22<br>12<br><br>3<br>3 |
| **VERHOUDING MET MENSE** | hoogmoedig, koud, snobisties, onpersoonlik<br>skaam, introvert, teruggetrokke, sensitief<br>liefdevol | 11<br>10<br>2 | sinister, vreesaanjaend, word geassosieer met heksery en towery | 24 |
| **HABITAT** | bly nie tuis nie | 1 | leef in die huis | 3 |

# Interpretasie van onderhoudresultate 1/2

**Honde:**

**Gedrag**

Afrikaanssprekers is oorwegend baie positief

Noord-Sothosprekers is oorwegend negatief

**Verhouding met eienaars**

Afrikaanssprekers: (sterk) emosionele band tussen hond en eienaar

Noord-Sothosprekers: klem op nut vir die mens, weinig aanduiding van emosionele band

**Habitat**

Noord-Sothosprekers: honde bly buite

# Interpretasie van onderhoudresultate 2/2

**Katte:**

**Gedrag**

Afrikaanssprekers: neig na meer negatiewe oordeel

Noord-Sothosprekers: oorwegend positief tov nuttigheid en sindelikheid

**Verhouding met mense**

Afrikaanssprekers: minder aanduiding van sterk emosionele band

Noord-Sothosprekers: sterk negatiewe gevoel

# Korpusondersoek: ooreenkomste in figuurlike uitdrukkings met /hond/ /mpša/ 1/2

| Volksgeloof | Korpusvoorbeeld |
|---|---|
| **Honde werk hard** | • Vir 30 jaar het ek soos ’n hond vir hulle gewerk.<br>• mpša ya motsomi ga a robale fase ’n jagter se hond gaan nie lê nie’ |
| **Honde word sleg behandel** | • Polisie het my soos 'n hond behandel<br>• go bolawa bjalo ka mpša ‘om doodgemaak te word soos ’n hond’ |
| **Honde word dikwels weggejaag** | • "Nou word ek soos 'n hond verjaag," vertel Daniel.<br>• go rakwa bjalo ka mpša ‘om weggejaag te word soos ’n hond’ |

# Korpusondersoek: ooreenkomste in figuurlike uitdrukkings met /hond/ /mpša/ 2/2

| Volksgeloof | Korpusvoorbeeld |
|---|---|
| Honde word onderwerp / makgemaak | • Nel, speler van die wedstryd, se vertoning is des te meer merkwaardig omdat hy die Windie-kolwers laat bontstaan het op 'n hondmak kolfblad.<br>• a ba dirile dimpša tša gagwe ‘hy het hulle sy honde gemaak’ (hulle is onderdanig aan hom, doen sy vuilwerk) |
| Dit is erge belediging om ’n hond genoem te word. | • Jou hond!<br>• Mpša towe! ‘Jou vervlakste hond!’<br>• dimpša tša mmušo ‘die regering se honde’ (die polisie) |
| Honde is bakleierig | • “Beckhams baklei soos kat en hond“, klik werker.<br>• En dit het gegaan oor twee honde wat oor 'n been baklei.<br>• ke bja mpša le phiri ‘dit is die lewe van ’n hond en hiëna’ |

# Verskille tusen die twee tale
# Noord-Sotho uitdrukkings met /mpša/

| Volksgeloof | Korpusvoorbeeld |
| --- | --- |
| **Honde kan nie klim nie** | mpša e ka namela ntlo ("'n hond kan op 'n dak klim") – iets is onmoontlik of dit is hoogs onwaarskynlik |
| **Honde word tipies nie geëet nie /om hond te eet, is buitengewone gedrag** | go ja mpša "om hond te eet" – baie arm wees<br>wa ja mpša o lle, tšea mesela o dire seala "as jy hond geëet het, neem die sterte en maak vir jouself 'n kroon" – aanvaar die gevolge van swak besluite<br>e be eke le mpša a ka ja "asof hy hond kon eet" – buite jouself van vreugde wees |
| **Honde is nie soos mense nie** | mahlo a motho ga se a mpša "'n mens se oë is nie soos 'n hond s'n nie" – 'n mens kan iemand nie kos weier nie, selfs alhou jy nie van hom nie |
| **Honde werk goed met mekaar saam** | dimpša tše pedi ga di šitwe ke sebata / mmutla "twee honde word nie deur 'n roofdier / 'n haas uitoorlê nie" |

# Afrikaanse uitdrukkings met /hond/

| Volksgeloof | Korpusvoorbeeld |
|---|---|
| Honde het ’n agterdogtige geaardheid | Ek het maande gelede al oor hierdie saak navraag gedoen omdat ek toe reeds hond se gedagte gekry het. |
| ’n Mens moet ligloop / versigtig wees vir honde wanneer hulle wakker gemaak word | Nóú het die vooruitsigte van duurder koring slapende honde wakker gemaak. |
| Honde blaf | Vir die Boland, wat die afgelope twee jaar in die Absabeker-reeks gespeel het, sal sy eerste wedstryd van die jaar 'n groot toets vir 'n span wees wat die eerste keer in twee jaar weer saam met die groot honde moet blaf. |
| Honde jag | Baie honde is ‘n haas se dood |

U7

# Korpusondersoek: ooreenkomste in figuurlike uitdrukkings met /kat/ /katse/

| Volksgeloof | Korpusvoorbeeld |
|---|---|
| Katte en muise / honde leef in vyandskap | • Le wena o a tseba gore katse e ka se robale le legotlo.<br>• “Jy weet ook dat ’n kat nie by ’n muis sal slaap nie” – dit sal nie gebeur nie<br>• Sebela sona le bolwetši ke katse le legotlo.<br>• ‘Drank en siekte is kat en muis” – hulle gaan nie saam nie<br>• … gore moratiwa yoo wa gagwe o le maphodisa ba phela bja mpša le katse<br>• ‘… dat daardie meisie van hom en die polisieman ‘n lewe van hond en kat leef, d.w.s. ‘n lewe van onmin’<br>• Ons baklei soos kat en hond.<br>• "Die onderwysdepartement speel kat en muis met ons kinders se lewens deur hulle te laat skoolgaan in 'n onveilige skool wat enige tyd ineen kan stort," sê ontstelde ouers oor die Laerskool Nantes in Eersterus, Pretoria.<br>• “As die kat weg is....” [hier word verwys na die titel van ’n toneelstuk] |

**U7** Et vertaal Engels & check
User; 19/10/2015

# Taalspesifieke volksgelowe
# Noord-Sotho uitdrukkings met /katse/

| Volksgeloof | Korpusvoorbeeld |
|---|---|
| Katte loop /sluip geruisloos | O sepetše dikgato tše pedi a gata bjalo ka katse e nanabetša legotlo.<br>‘Hy het twee treë gegee, soos ’n kat wat ’n muis bekruip.’ |
| Katte is nie besonder slim nie | Ba itira ba bohlale e le gore bohlale bja bona bo no swana le bja katse.<br>‘Hulle gee voor om slim te wees, maar hulle wysheid is soos ‘n kat s’n - dis nie baie diepgaande nie.’ |
| Katte drink graag melk | Ka ge Thogorogo e be e le katse maswing, gatee fela ke ge a šetše a a wetše godimo. ‘Omdat Thogorogo soos ‘n kat by melk was (hy was in sy element), het hy dadelik begin eet.’ |
| Katte is ondissiplineerbU6r | O ile a be a ya malaong a se a ntšha le la go kgala katse.<br>‘Hy het bed toe gegaan sonder om eers ‘n kat te probeer berispe – dit het geen sin om ‘n kat te berispe nie’ |

**Dia 24**

**U6** ET vertaal Engels & check
User; 19/10/2015

# Taalspesifieke volksgelowe
# Afrikaanse uitdrukkings met /kat/

| Volksgeloof | Korpusvoorbeeld |
|---|---|
| Katte is nagdiere?? | Ek vermoed my boyfriend knyp die kat in die donker met iemand by die werk. |
| Katte spring om uit die moeilikheid te kom? | Dalk, net dalk, kan die Blues vanoggend (SA tyd) in Albany die slagoffer van die benoude spronge van 'n benoude kat in hul Supertwaalf-rugbywedstryd teen die Cats word. |
| Katte klim boom | Suid-Afrika se Retief Goosen kyk die kat uit die boom voor hy gister afslaan |
| Katte dra hulle prooi die huis in | Ek het nie ’n voorbeeld in die korpus wat ek het, gekry nie |
| Katte vreet hulle self dik??? | Die vet katte maak miljoene uit kuseiendom en raap elke stukkie seegrond op<br>"Ek wil eers sien dat groot name soos Steve Hofmeyr, Laurika Rauch en Anton Goosen-hulle optree by venues in die townships. Hulle moenie altyd die kapasiteit van die sale voorhou as dit kom by die kies van venues vir die groot katte nie." |

# Gevolgtrekking

- Die twee kulture /spraakgemeenskappe het nie dieselfde toegang tot die brondomein van katte nie
- Die volkskennis t.o.v. honde en katte word nie volledig in die korpusvoorbeelde van metaforiese / figuurlike gebruik weerspieël word;
- Daar is aantoonbare invloed van kultuur op metaforiese /figuurlike uitbreiding